LINDENNUUS

31 Oktober 2017

ONS SÊ DANKIE…

Die Lindeniete het verlede week 'n erewag vir juffrou Ronelle Nell gestaan as 'n blyk van waardering vir haar ongelooflike werk wat sy die afgelope paar maande as die waarnemende hoof by Hoërskool Linden gedoen het. Ons salueer 'n persoon wat soveel opofferings gemaak het en elke dag die belange van die leerders op haar hart gedra het.

Welgedaan juffrou Ronelle, ons harte is dankbaar vir iemand soos jy!

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

IN DIE KOLLIG

Hoërskool Linden se tennisster - Alec Beckley

Alec is ‘n graad 10-leerder wat hierdie jaar vanaf Helpmekaar Kollege by ons aangesluit het. Alec het begin tennis speel toe hy vyfjaar oud was en sedertdien is daar geen keer aan hierdie uiters talentvolle jongman nie.

Alec is 16 jaar oud en reeds deel van die Gauteng Sentraal o.19-span.
Hy is hierdie jaar gekies vir die Suid-Afrikaanse skolespan wat in Julie 2017 by toernooie in die Verenigde Koningkryk gespeel het.

Die hoogtepunt van sy jaar was toe hy as een van die top 8 spelers in die land gekies is om aan die Meesterstoernooi deel te neem. Alec het briljant gevaar en eindig vyfde in hierdie toernooi.

Alec vertel dat hy in ‘n kort tydjie lief geraak het vir Linden en dat hy veral van die atmosfeer by die skool hou. Hy beskou homself as ‘n “natural” en spandeer ongeveer 8 ure per week op die tennisbaan. Sy ideaal is om eendag ‘n professionele tennisloopbaan te volg.

Baie geluk Alec met jou puik prestasies en sterkte met die pad voorentoe.

VIETNAM 2017 …. WAT ‘N WONDERLIKE ERVARING

‘n Groep Lindeniete het die afgeope vakansie in Viëtnam gaan toer. Me. Sonja Crafford beskryf hulle ervaring soos volg:

Elke wonderlike nuwe dag was ‘n hoogtepunt. ‘n Mens kon nie voorbly om alles in te neem nie. Dit het gestrek van die natuurtonele van die vrugbare rysvelde van die Rooi Rivier Delta; waterbuffels; oorweldigende verkeer van fietse, motorfietse en karre wat lyk asof dit chaos sal veroorsaak maar nie doen nie; unieke Viëtnamese *cuisine* tot die simplistiese Viëtnamese kultuur en hulle vriendelikheid.

Ons is vanaf die *Old Quarte’* in Hanoi met *cyclos* na die kontras van die onbeskryflike mooi natuurtonele van die sandsteenformasies en asemrowende sonsondergange van Halong Bay geneem, Ons was hier geanker vir twee dae op ‘n boot, met die ongelooflikste kleur water en het ervaringe beleef wat ons vir ewig sal onthou.

Van hier het ons na HoiAn vertrek. Dit is ‘n magiese dorpie van lanterns, dansende drake en ‘volmaan vieringe’ waar duisende verligte lanterns aangesteek en op die rivier vrygelaat is. Ons het per fiets na ‘n organiese plaas buite Hoian gery waar ons ‘n blik gekry het van tradisionele, sielvolle boerdery en kookklasse in Viëtnamese kookkuns. Dit is met kop- en voetmasserings uit ‘n ander wêreld afgesluit.

Die tempo het hiervandaan weer vinniger geword toe ons Ho Chi Minh (Saigon) besoek. Ons is per boot vervoer na die Cu Chi tonnels waar ons veel te wete gekom het van die Viët Cong guerrillas en Viëtnamese oorlog.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Vandaar is ons terug na Saigon en het ‘n tipiese Viëtnamese middagete geniet. Nog ‘n onvergeetlike hoogtepunt was die Vespatoer deur die onbeskryflike, deurmekaar verkeer van Saigon. Ons het selfs maskers vir die besoedeling gedra.

Ons toer word afgesluit deur ‘n eerstehandse ervaring van die besige, drywende markte van die Mekong Delta. Ons is aan die versteekte klein dorpies en klein nywerhede wat lekkers maak en die kleinskaalse handeldryf op die bote blootgestel…’n lewe so ongelooflik vêr verwyder van ons gejaagde en materialistiese lewe.

Dit was ‘n ongelooflike leersame toer, wat elkeen se lewe diep verryk het. Leerders het op hulle eie, lewenslustige en dinamiese wyse ook die Viëtnamese, waarmee hulle in aanraking gekom het, se lewe met hul aanslag verryk. Die leerders se beskrywing van die toer word in die volgende woorde saamgevat: *amazing,* onvergeetlik, asemrowend, verrykend, kosbaar, opwindend, *eye-opening,* uniek,onbeskryflik, paradys, fantasties en beeldskoon.

AKADEMIE

Sterkte met die eindeksamen aan al die matrieks van 2017. Mag dit met julle baie goed gaan!

#jullekan #weesvoorbereid #houmoed

Intussen het die res van die skool ook met eksamen begin en ons wens hulle ook baie sterkte toe.

SPORT

2017-toekennings

Baie geluk aan die volgende leerders wat hierdie jaar die hoogste toekennings in sport ontvang het:

Sportdogter van die jaar: Zahné Becker
Sportseun van die jaar: Waldo de Bruyn

Beste individuele sportprestasie
- Seun: Alec Beckley
- Dogter: Mariella Venter

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

Atletiek
Atleet van die jaar
- Seun: Waldo de Bruyn
- Dogter: Lana Gouws

Rugby
Speler van die jaar: Jeandré Labuschagne

Tennis
Speler van die jaar
- Seun: Alec Beckley
- Dogter: Ann Snyman

Skiet
Beste algehele skut: Elsjé Rabie

Krieket
Speler van die jaar: Christiaan Smith

Hokkie
Speler van die jaar
- Seun: Victor Peens
- Dogter: Naté Botha

Landloop
Atleet van die jaar
- Seun: Marig Engelbrecht
- Dogter: Jeanné Coetzee

Netbal
Speler van die jaar: Zahné Becker

Swem
Buitengewone prestasie: Mariella Venter

Skaak
Speler van die jaar: Nelis van der Lingen

Gholf
Speler van die jaar: Joshua Pelser

Baie dankie aan Dawid Roux Photography wat die individuele - en groepfoto's by die toekenningsaand geneem het.
Bestel gerus u foto by: www.photo-orders.com

KULTUUR

2017-toekennings

Baie geluk aan die volgende leerders wat hierdie jaar die hoogste toekennings in kultuur ontvang het:

Kultuurpersoon (gr 12): Vincent Anderes
Kultuurdogter (gr 8-11): Elizabeth Greyling
Kultuurseun (gr 8-11): Marig Engelbrecht

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Veelsydigste betrokkenheid: Nicola-Marie vd Linden

Dans
Beste prestasie: Jade Brummer

Drama
Beste prestasie: Michaela Meiring

Redenaars
Beste junior: Dané Taljaard
Beste senior: Marig Engelbrecht

Musiek
Beste junior: Danita Human
Beste senior: Elizabeth Greyling

Sang
Beste prestasie: Elizabeth Greyling

Tienertoneel
Beste akteur: Marig Engelbrecht
Beste aktrise: Menine de Villiers

Baie dankie aan Dawid Roux Photography wat die individuele - en groepfoto's by die toekenningsaand geneem het.
Bestel gerus u foto by: www.photo-orders.com

ATKV-Serenade

Linden A Capella het met hulle "Nostalgiese Heimwee"-tema 'n tweede plek by die ATKV Animato Serenade kompetisie behaal. Baie geluk aan dié groep wat die gehoor met hulle unieke verwerkings van "Koos Kombuis" en "Sarie is nie dood nie" bekoor het.

Geluk aan Hoërskool Noordheuwel wat die eerste plek behaal het en Hoërskool Randburg die derde plek

Koor

Die koor se leiers vir 2018 is tydens hulle galadinee aangekondig. Baie geluk aan die volgende leerders:

Hoofleiers
Hoofleier: Lindi van der Merwe
Hoofseun: Phillip Johan van Schaik

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoofdogter: Linda Viljoen

Stemleiers

Sopraan: Danielle van der Berg en Lindi van der Merwe
Alt: Jana Ferreira en Carla Snyman
Tenoor: Eric Steyn en Phillip Johan van Schaik
Bas: Michael Verheem en Wouter Taljaard

Ander

Administrasie: Michelle Kirstein
Geestelik: Mia Schutte
Hardeware: Albert Potgieter
Tegnies: Shawneal Peens, Divan Engelbrecht en Ian Nelson
Graad 8-voogde: Ankia Swanepoel en Chean Pearson
Sosiaal, Soiree en Talentaand: Mia van Niekerk
Sosiale Media: Jan Hendrik Potgieter

Baie sterkte met die taak wat vir julle voorlê!

SOSIAAL

Ukunaka

In die vierde kwartaal is dit tyd vir Ukunaka se Kersprojek. Die drie projekte waaraan ons aandag skenk is as volg:

1. Die registerklasse is elkeen verantwoordelik om lekkers, koeldrank, skyfies, koekies en/of persoonlike higiëne produkte skool toe te bring. Vind asseblief uit by u kinders waarvoor hul klas verantwoordelik is en ondersteun ons asseblief.

2. Ons maak ook elke jaar kersgeskenkies bymekaar vir gesinslede. Baie van die geskenkies is reeds aangekoop deur middel van skenkings wat deur die jaar ontvang is. Daar is ‘n paar geskenkies nog uitstaande en enige hulp in die verband sal waardeer word.

3. Ons benodig ook 1kg-bokse *Bakers Choice Assorted* koekies wat na Sanet du Toit in die kantoor gestuur kan word.

Skakel gerus met die Ukunakakomitee indien u enige navrae het of ‘n bydra wil maak: ukunaka@linden.co.za

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

ADVERTENSIES

Opsoek na 'n een-slaapkamer woonstel of tuinwoonstel

Ek is opsoek na verblyf in Linden-omgewing vir my dogter wat volgende jaar by Hoërskool Linden begin skoolhou. Kontak my asseblief indien u weet van 'n een-slaapkamer woonstel of tuinwoonstel wat beskikbaar is.
Pieter Alberts: 084 584 3909

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.